# REDAKSIONEEL

## 1 Geknegte en vrye geskiedenis

Soos in die vooruitsig gestel, word in hierdie uitgawe 'n aantal historiografiese studies opgeneem. Dit geskied in die hoop dat dit sal bydra tot die uitkenning van gestaltes en beelde in die misweer waarin die geskiedwetenskap hom vandag bevind. Daar is in die afgelope jare dikwels beweer dat die geskiedskrywing orals ter wêreld, ook hier, in 'n toestand van gisting, ja selfs 'n krisis, verkeer, wat hom dwing om opnuut na sy grondslae te kyk. Dit is deur sowel die Historiese Genootskap van Suid-Afrika as die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging gekonstateer, afgesien van indiwiduele uitsprake van historici oor die *status questiones* van ons vak. In sy redaksionele kommentaar en artikels het *Historia* hom sedert 1980 op die uitkenning van die krisis toegespits en op nuwe rigtings in die Westerse geskiedskrywing gewys. Die doel was om Suid-Afrikaanse lesers in te lig in die hoop dat vernuwing sou intree, veral wat vraagstelling in 'n gemoderniseerde samelewing betref. Reeds in 1977 is die tema "Tematiek en metodiek van die historiese industrialiseringsnavorsing" deur u Redakteur behandel. Toe was eks-Suid-Afrikaanse historici in die buiteland wat as die "radikale" rigting in ons geskiedskrywing bekend geword het reeds besig met 'n hervertolking van ons geskiedenis op Marxistiese en neo-Marxistiese grondslag. Sedert 1977 het H M Wright gewys op die polarisering van geskiedkundiges in liberale en radikale faksies met konserwatiewe historici as buitestaanders. Die strydpunte het veral om tema en metode, "verklaar" en "verstaan" en navorsings- en ideologiese doelstellinge gegaan.

Uit onlangse geskrifte blyk dit dat nie almal wat met die radikale rigting simpatiseer van die benaming "radikaal" hou nie. 'n Mens kry die indruk dat 'n historiograaf wat dit waag om sy geslote bedrywighede — uitdrukking van 'n emansipatoriese, swartsentriese tydsgees — krities te ontleed, 'n reaksie van moord-en-brandskree kry met gepaardgaande afwering, skewe vertolking en holle verwyte wat op onvolwassenheid en verdagte doelstellinge, eerder dekonstruksie, dui (*Kleio* XVI/1984, pp 65—72 en 122—23). Daar word voorgegee dat dit by dié rigting slegs om 'n "nuwe geskiedenis" gaan, m.a.w. die benaming "radikale" geskiedskrywing moet deur die term "nuwe" geskiedskrywing vervang word. Nou is die term "New History" nie onbekend in die Westerse historiografie nie. As reaksie op Ranke se wetenskaplik-tegniese geskiedskrywing het Robinson sy "New History" teen 1912 in Amerika geloods wat teen 1939 stoom verloor het. As reaksie op Ranke se narratiewe, politieksentriese verstaanmetode wat tot gebeurtenisgeskiedenis gedegradeer is, het in Frankryk en Duitsland ná die Tweede Wêreldoorlog *La nouvelle Histoire* en *Neue Geschichtswissenschaft* ontstaan, wat as sosiaal-ekonomiese en sosiaal-antropologiese geskiedenis getipeer kan word. Dit dui op 'n verskuiwing van tema en 'n verruimde metode. Hierdie "nuwe" sosiaal-strukturele geskiedenis het ook navolging in Brittanje en Amerika gevind.

Wanneer daar na die radikale rigting in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing soos deur Wright betitel deur oningeligtes bloot as "nuwe geskiedenis" verwys word, bedek dit die Marxistiese en neo-Marxistiese uitgangspunt wat as ideologiese kleed vir die radikale rigting gedien het. Dat daar historici onder die breë term "radikale rigting" tel wat ooreenkomstig die Europese "nuwe" sosiale geskiedenis werk, moet ons toegee. Om die radikale groep op grond van enkelinge almal as beoefenaars van 'n "nuwe geskiedenis" te noem, gaan te ver. Afgesien van die Amerikaanse "New

Economic History" het die ou "New History" van die Robinson-Becker-Beard-skool onlangs herleef maar nou in 'n nuwe vorm — die "New Left History" wat ook aanhang in Brittanje het. Dit blyk uit die *Radical Historical Review* en *The Radical Historians Organization* se *Visions of History* (1976) waarin Eric Hobsbawm en E P Thompson, wat invloed op die Suid-Afrikaanse radikale historici uitgeoefen het, as "left-wing historians" uitblink. Die benaming "radikaal" vir die Suid-Afrikaanse linkse historici is dus gladnie onvanpas nie. Die meeste van hulle het een of ander ideologiese basis in die Marxisme wat op betrokke geskiedskrywing of geskiedenispolitiek dui. Hulle gaan meestal uit van die posisie van die "onderdrukte" proletariaat wat "bevry" moet word, dus 'n geskiedenis "from the bottom up" — "geskiedenis van benede" — en sien ons landsverlede bloot as 'n klassestryd. Vir hulle is die vraag of geskiedenis 'n instrument van die proletariaat of van die "besittersklas" moet wees. Vandaar die eensydige beklemtoning van die historiese materialisme en die euwels van die kapitalisme wat vernietig moet word alvorens bevryding van die werkers en 'n swart magsoorname kan plaasvind.

Die radikale of "New Left"-historici het hulle uitgespreek teen die "besittersklas"-historiografie — 'n politieke en ekonomiese *elite*-geskiedskrywing "van bo". Dit word as oudmodies en afgedaan beskou. Dit is hierdie ideologies- en propagandistiesgerigte geskiedskrywing wat vir die tradisionele of "gewone" historikus onaanvaarbaar is. Dié sien hy as 'n proletariese geskiedskrywing aan die kultuurfront, as bewusmakingsfaktor vir politieke aktivisme op 'n massabasis, eerder as 'n belangelose ekonomiese verklaring van die wording van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Oningeligtes wat met die "New Left radicals" se aanspraak op 'n "nuwe geskiedenis" saamgaan en die "gewone" of ouderwetse historici die stryd aangesê het, aanvaar onnadenkend 'n nuwe vorm van *geknegte*; dit is diensbare geskiedenis wat 'n saak moet bevorder. Hulle versuim om te onderskei tussen die "New Left" met sy Marxistiese grondslag van geskiedenispolitiek en die "nuwe sosiale geskiedenis" wat vandag as 'n wetenskap *sui generis* in Europa, Brittanje en Amerika beoefen word sonder om die eie aard van geskiedenis te ontneem en hom deur die Marxisme te versosiologiseer, en sodoende sy selfstandigheid as wetenskap aantas. Met interdissiplinêre samewerking, 'n verbrede tematiek en verruimde metode wat geskiedenis nader aan die sosiale wetenskappe laat beweeg het, is daar nie fout te vind nie. Die industrieel-stedelike samelewing vereis ook dat ons in Suid-Afrika weg beweeg van die staat en politiek as uitsluitlike hooftemas wat nie meer die brandpunt van die wetenskaplike geskiedskrywing volgens die tradisionele Ranke-model vorm nie, en dat ons as historici ons al meer op sosiale en samelewingsgeskiedenis moet toespits.

Die nuwe sosiale geskiedenis wat by voorkeur nie meer om staats- of regeringsgeboue sentreer nie, maar hom buite "in die veld" rig op die gewone mense en 'n geskiedenis van onder in plaas van bo (*elite*-geskiedenis) behoefen, ondersoek die deursneemens se alledaagse lewe, materiële, kulturele en geestelike lewensvorme en lewenswyse, lewensverhoudinge, gedragsvorme en mentaliteite, wat binne die kader van die geskiedenis ook bestaansreg het. Dit het ook te doen met analiserende struktuurgeskiedskrywing wat op bowe-indiwiduele groepsverskynsels gerig is naas verhalende gebeurtenisgeskiedenis. Die nuwe sosiale geskiedenis handel dikwels oor die posisie van die arbeiders en boere, vroue en familiegeskiedenis naas stedelike geskiedenis, waarin die begrip stand of klas nie vreemd is nie. Kwantifiserende sosiaal-ekonomiese geskiedenis is wenslik en nodig, maar moet nie oordryf word nie, anders sou dit lyk asof die mens slegs uit stellasies syfers te verklaar is, wat die verhalende vorm van geskiedskrywing kan afskeep.

Die wending van die historikus van die openbare sektor na die private lewensfeer wat in wese antropologies is — die huishouding, slaapkamer, sitkamer en kinderkamer, familiebetrekkinge, voeding, kleding, behuising, woonbuurt, vermaak en dies meer — mag egter ook nie die politieke geskiedenis uitsluit, asof dié nie meer belangrik is nie. Sodoende sal die sfeer van mag en heerskappy wat ons in enige samelewing aantref, geïgnoreer word. Verwerplik is egter die misbruikmaking van geskiedenis deur die "New Left radicals" vir ideologies-aktivistiese doelstellinge, wat buite die taak van die historikus val. Binne die kamp van die radikale moet onderskei word tussen eerstens die geskiedenispolitiek-georiënteerde Marxistiese ideoloë of skrywers wat as sosiale hervormers toegepaste geskiedenis voortbring met die oog op die bevryding van die proletariaat, en tweedens die ideologie-vrye, wetenskaplik-beoefende, nuwe sosiale geskiedenis. Op hierdie grondslag kan alle welmenende historici mekaar vind sonder vrees vir etikettering, twis en verdagmaking.

## 2. Die wenslikheid van nouere skakeling tussen geskiedenisonderwysers en universiteitsdosente

In die vorige uitgawe is gewys op gemeenskaplike historiese kongresse in Wes-Duitsland waar geskiedenisonderwysers van die middelbare skole en akademiese geskiedkundiges mekaar ontmoet, referate lewer en gedagtes wissel — iets wat in die RSA ontbreek. Wat die onderrig van geskiedenis op skool verder benadeel is dat die geskiedenisonderwysers geen vereniging en geen geskiedenisonderrigtydskrif het wat hulle onderrig kan saamsnoer en inlig nie. Die handboek bly dikwels die enigste bron van kennis. 'n Eie landswye vereniging met vertakkings en 'n eie tydskrif waarin ook akademici bydraes kan lewer en boekbesprekings waarneem, sal die geskiedenisonderwysers in aanraking met nuwe vakliteratuur bring, die leeslus aanwakker en hulle op hoogte hou met die jongste ontwikkeling van sowel die vakwetenskap as doseermetodes. Omdat 'n vakvereniging en tydskrif ontbreek, ly die kwaliteit van die geskiedenisonderrig, die leergange en onderrigmetodes daaronder, wat moontlik een van die verklarings is waarom geskiedenis op skool steeds nog aan die agteruitgaan is.

Daar moet onthou word dat sowat 80 tot 90 persent van die BA III-studente met geskiedenis as hoofvak onderwysers word. 'n Minimum gaan met 'n BA Hons voort wat die kwaliteit van onderrig ook kan verhoog. Van dié studente is sowat 85% dames. Geskiedenis het vandag 'n damesvak geword in teëstelling met vroeër toe mans die grootste persentasie studente gevorm het. Die taak van die universiteitsopleiding is tweërlei, eerstens om studente 'n professionele opleiding te gee sodat hulle kennis kan gaan oordra en tweedens akademies, dit wil sê, om studente as wetenskaplikes op te lei en tot akademici te vorm. Die twee doelstellings word in die derde studiejaar met mekaar versoen in die hoop om sowel professioneel- as akademiesgevormde studente aan die samelewing te voorsien.

Dit is om hierdie rede belangrik dat daar ook nouer skakeling tussen die onderwysdepartemente en universiteitsdosente sal wees, veral met betrekking tot die opstel van nuwe leergange. Gewoonlik bereik die voorgestelde leergange die universiteitsdosente te laat, nl. wanneer hulle reeds opgestel is, wat veranderinge bemoeilik. As laasgenoemde inspraak by die opstellingsproses kan hê, kan veel meer relevante inhoud voorsien word, wat moontlik sou kon help om eerstens meer leerlinge in die vak geïnteresseer te kry en tweedens 'n beter onderbou vir eerstejaarstudente aan die universiteit te verskaf. Dikwels moet die dosente die verkeerde leer- en benaderingsmeto-

des wat die student van die middelbare skool met hom saambring, grondig afbreek voordat aanpassing moontlik is. Dit gaan om die eksamenafrigtingmetode van antwoorde uit die hoof leer. Studente wat hulle aanmeld, is dikwels diégene wat 'n bekwame onderwyser gehad het wat liefde vir die vak gewek het.

## 3. Die verval van geskiedenis: Gaan geskiedenisonderwysers en -dosente binne afsienbare tyd werkloos word?

Die Historiese Genootskap het in 1956 tot stand gekom uit bekommernis oor die verval van geskiedenis op skool. Hy het hom tot vandag toe beywer om die belange van die vak te bevorder, vandaar *Historia*. Tevergeefs is aan die begin probeer om geskiedenis vanweë sy kulturele waarde 'n verpligte vak tot matriek te maak. Sedert Republiekwording het die verval op skool en universiteit onstuitbaar toegeneem. Laat ons na enkele syfers kyk:

In Kaapland het in 1940 82 persent van die wit matrikulante geskiedenis as vak geneem, in 1953 66 persent, in 1973 51 persent en in 1983 30,5 persent.

In Transvaal was die persentasie in 1953 64 persent, in 1968 42 persent en in 1983 23,5 persent.

In die Vrystaat het in 1975 34 persent wit matrikulante geskiedenis as vak bestudeer en in 1983 24 persent.

Die daling van 1980 tot 1983 was soos volg:

| Jaar | Kaapland | Transvaal | Vrystaat | Natal |
|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % |
| 1980 | 24 | 27 | 32 | 30 |
| 1981 | 33 | 25 | 29 | 29 |
| 1982 | 32 | 25 | 24 | 26 |
| 1983 | 31 | 23,5 | 24 | 25 |

In teëstelling met die verval van geskiedenis aan wit skole gaan dit, wat getalle betref, goed met dié vak by swart skole. In 1975 het 68 persent swart matrikulante geskiedenis as vak geneem en in 1980 60 persent.

Namate minder wit studente op skool geskiedenis neem, meld ook minder hulle by die universiteit vir opleiding aan. In 1978 was daar 130 eerstejaars in geskiedenis by die RAU en in 1981 55; waar UOVS in 1978 245 gehad het, was dit 109 in 1982. Stellenbosch-Universiteit het in 1978 316 eerstejaars gehad en in 1984 was daar 153. Waar UP in 1978 288 eerstejaars gehad het, was die getal in 1985 165. Hierdie is verontrustende syfers.

Waar moet die redes vir die agteruitgang van geskiedenis by wit skole en universiteite gesoek word? Moontlik by die veranderde samelewing en die verval van 'n nasionale en historiese besef by Afrikaanssprekendes sedert 1961 iets daarmee te doen. Nadat die Afrikaners in 1948 aan bewind gekom en die Republiek in 1961 tot stand gebring het, was geskiedenis nie meer so nodig in die politieke stryd nie en het ander vakke soos staatsleer, sosiologie, volkekunde en ekonomie in belangrikheid gewin. Hulle moes met die herstrukturering van die nuwe samelewing help. Verder was daar 'n vlug uit die basiese geesteswetenskappe na tegnologiese en ander botter-en-broodvakke wat deur die industrieel-stedelike samelewing vereis word. In dié samelewing kyk mense vorentoe met die oog op die verbetering van hulle ekonomiese posisie en nie

agtertoe nie: geskiedenis word derhalwe as minder belangrik geag. Dit geld ook die skole waarin Afrikaanssprekende leerlinge eerder handelsvakke (wat botter-en-brood vinnig kan voorsien) bo geskiedenis verkies, 'n vak wat talle ouers en leerlinge as nutteloos beskou. Sommige skoolhoofde staan negatief teenoor die vak en doen nie altyd moeite om die vakpakette sodanig aan te bied dat geskiedenis saam met sekere ander vakke geneem kan word nie. Die vooruitsig dat geskiedenis nie na wye loopbaankeuses kan lei nie, maar beperkte indiensnemingspotensiaal het, skrik ook studente af: hulle is meer beroepsgerig as vroeër. Materialisme is dus 'n belangrike faktor.

Daar kan ook aangevoer word dat die eksamenstelsel, oorlaaide leergange en irrelevante leerplaninhoude naas 'n herhaling tot vervelens toe van leerstof, potensiële skoliere afskrik. Die geroetineerde, onbesielde en ongeïdealiseerde onderwyser demp die belangstelling in die vak, terwyl heelwat laerskoolonderwysers die vak op standerd vyf-vlak sodanig nek-omdraai dat die kind met weerstand daarteen by die middelbare skool aanland.

Bestaan daar 'n redmiddel? 'n Herontwaking van die historiese besef sal vooraf nodig wees, wat op die onderwysers maar veral die ouers wys. As die ouers kennis van geskiedenis het en sy waarde as kultuurvormende krag besef, sal die kinders geskiedenis spontaan op skool wil neem, en kan die getalle moontlik toeneem. Meer relevante leergange wat die 20ste eeuse verstedelikings-, sosiaal-ekonomiese geskiedenis en kultuurgeskiedenis weerspieël, sodat die kind die wêreld waarin hy leef beter kan verstaan, sal die aanwas van leerlinge bevorder. Beter en besielende onderwysers wat nuwe metodes beproef mag ook 'n faktor wees. Basies is dit egter belangrik dat die gesindheid van die ouers teenoor geskiedenis moet verander. Daar is baie ander redes vir die agteruitgang van geskiedenis en middele om dit te stuit, waarop hier onmoontlik volledig ingegaan kan word. Miskien moet lesers, veral geskiedenisonderwysers, reageer en die vervalprobleem ondersoek, ontleed en *Historia* van raad bedien.

F A VAN JAARSVELD
*Hoofredakteur*